Desember 2016 No 47

Koejawel Nuus

Koejawel Produsente Vereniging
Guava Producers' Association

Hoofstraat 258 Main Road
PAARL 7646
Posbus 426 P O Box
PAARL 7620

☎ [021 872-1501
Fax [021] 872-2675
: victor@guavas.co.za
: www.guavaproducers.co.za

Redakteur/ Editor W**iehahn Victor**

Inhoudsopgawe / Index

	Bladsy
Inhoudsopgawe	1
Uit die Voorsitter se pen	2 - 3
Bestuur van die Vereniging	3
Koejawelpitte	4
Ledeheffings	4
Spuitstof Ontledings vir 2016	5
The Evaluation of guava selections in the Western Cape	6 - 7
Kersgroete	8

UIT DIE VOORSITTER SE

Te midde van heelwat onsekerheid in ons land met 'n korrupte President (beweerde) wat die land laat hunker na rommel status, groot droogtes, onveiligheid en diefstal op plase het ons 'n suksesvolle koejaweloes gehad. Ook wat die pryse aanbetref was dit billik. Die rëen het weer laat in die winter begin en was dit nie 'n baie nat winter gewees nie. Damme was ook nog nie vol aan die einde van die reënseisoen nie.
Daar is weer 'n moeilike jaar voor ons waar die water mooi versprei sal moet word om die seisoen deur te kom om 'n goeie oes te verseker.

Daar het 'n groot vraag na sapkoejawels ontstaan, binnelands en oorsee waar die swak Rand ook 'n rol speel. Vir dié rede is daar verskeie navrae van boere (veral wingerdboere) in al die streke om koejawels aan te plant. My antwoord bly daar is beslis plek vir nuwe uitbreidings maar, jy moet water hê en ryp vry wees en 'n verwerker wat jou koejawels sal verwerk. Dan moet jy ook onthou so vinnig as wat daar 'n tekort kan ontstaan en pryse styg net so kan daar weer 'n oorskot wees met pryse wat afkom, vra maar die ou koejawel boere wat al jare 'n pad loop met koejawels.

Die 2016-oes was ongeveer 23 500 ton waarvan die meeste verpulp is. 'n Klein gedeelte is vir inmaakdoeleindes gelewer wat maar net nie sy kop wil lig nie. 'n Geskatte 20% van koejawels word vir die varsmark gelewer.

Daar is op die oomblik 'n tekort aan koejawelbome en ek wil net 'n beroep doen op produsente om nie plantmateriaal uit die noorde te kry nie en seker te maak bome kom uit die Wes-Kaap.

Die nuwe kultivars / seleksies wat ons by Robertson uitgeplant het, vir evaluasie, gaan ons skuif na Bien Donne proefplaas omdat probleme opgetel is met rypskade.

Dan doen ek 'n beroep op produsente om vir jul koejawelbome te sorg met genoegsame besproeiing en die regte kunsmis-program en jy sal die volgende jaar 'n goeie oes genereer.

Verder bedank ek weer my bestuur, die verwerkers, produsente en hul werkers vir elkeen se bydrae tot die Koejawel bedryf. Veral ook vir verwerkers wat 'n groot bydrae gelewer het met die skep van groter vraag en nuwe markte vir koejawels.

'n Spesiale dank aan ons Bestuurder Mnr Wiehahn Victor en sy vrou Martha, ons sekretaresse, vir die jaar se werk wat hul vir ons doen.

Mag julle almal `n baie Geseënde Kersfees hê.

Groete

Poena Malherbe
Voorsitter

BESTUUR VAN DIE VERENIGING

STREEK	LEDE	PERSONE
Porterville	1	C C van der Merwe
Paarl	1	P J Malherbe
Wellington / Dal Josafat	1	G R Joubert
Kraaifontein / Stellenbosch	1	J J P Uys
Mosselbaai	1	B Robertson
Addisionele Gekoöpteerde Bestuurslede		W Visagie A J Joubert W Grobbelaar

KOEJAWELPITTE

Marktoestande

Die vraag na koejawels vir verwerking (sap en inmaak) is tans besonder sterk. Verwerkers kon nie genoeg koejawels vir verwerking gedurende 2016 kry nie. Die vraag na koejawels in die Kaap is ook beïnvloed deur 'n kleiner aanbod van koejawels in die Noorde. Goeie gehalte vars koejawels vir die mark was ook goed in aanvraag.

Boomsensus

Die Vereniging het gedurende die afgelope vier maande 'n boomsensus onder produsente geloots. Ons bestaande boomstatistiek is verouderd en die bedryf wil graag die nuutste statistiek rondom bome, hektare en ouderdom van bome verkry. Tot op datum is nog nie alle produsente se inligting verkry nie. U samewerking in dié verband word waardeer en inligting word hoogs vertroulik hanteer.

Verbruikerstudie Olimpiade

Die Vereniging het weereens 'n borgskap toegeken aan die Verbruikerstudie Olimpiade ter ondersteuning van generiese promosie van koejawelprodukte. Hierdie jaar het 4316 verbruikerstudie leerders van 194 skole landwyd deelgeneem aan die Olimpiade. Die prysuitdeling was op 11 Oktober 2016 in Bloemfontein en die vertroue is dat koejawels hierdeur bevorder sal word.

LEDEHEFFING : VARS VERKOPE

Produsente wat koejawels gedurende die 2016 seisoen vars bemark/verkoop het, moet asseblief hul ledeheffings aan die Vereniging oorbetaal. Ledeheffings beloop R8-00 per ton koejawels wat vars bemark is. Gelde kan inbetaal word by:

ABSA Bank, Rekening no. 400 159 459

Die Vereniging het die fondse nodig om 'n positiewe bydrae tot die Bedryf te kan maak.

Ondersteun u Vereniging!!

SPUITSTOF ONTLEDINGS VIR 2016 SEISOEN

Die koejawel verwerkingsbedryf het weereens chemiese spuitstof ontledings vir die 2016 seisoen op vars koejawels by lewering gedoen. Die monsters is by lewering by die fabriek of depot op 'n ewekansige metode geneem.

In die onderstaande tabel word die aantal ontledings per verwerker vir die afgelope twee seisoene gegee. Die bedryf het enkele oorskrydings gehad waarop gereageer en verstellings gemaak is.

Ontledings is ook by BEMLAB laboratoruim gedoen vir Swaarmetale. Altesaam 68 vars en/of pureé monsters is ontleed vir onder andere lood, koper, arseen, mangaan, tin, yster en kadmuim. Ook hier was die uitslae sonder enige oorskrydings.

KOEJAWELS ONTLEED PER VERWERKER

VERWERKER	2015	2016
Langeberg & Ashton Foods	39	31
Boland Pulp	49	
RFG Foods	24	114
Ceres Fruit Processors	10	36
TOTAAL	**122**	**190**

- Wiehahn Victor

THE EVALUATION OF GUAVA SELECTIONS IN THE WESTERN CAPE

S. Willemse, C.F. Human en A.D. Sippel
ARC-Institute for Tropical and Subtropical Crops
Private Bag X11208, Nelspruit, 1200
E-mail: salomie@arc.agric.za

OVERALL PROJECT OBJECTIVES

1. The evaluation of promising guava hybrids from the ARC-TSC's breeding programme specifically in the Western Cape.
2. Evaluation of promising seedlings when in production.
3. Identify possible improved varieties for the canning and processing industries.
4. Commercialization of new, improved cultivars and release to the Western Cape guava growers' industry.

PROGRESS ACHIEVED

Guavas in South Africa are mainly used for processing with only a small percentage that are utilized for the fresh market. Therefore, high yielding cultivars with excellent internal fruit qualities are a necessity especially for the canning industry as well as the processing outlets.
The South African guava industry is dependent on mainly two commercial varieties with constraints such as high seediness, poor internal fruit colour and susceptibility to diseases namely Guava Wilt disease.
The ARC-TSC identified promising selections from the guava breeding programme. A statistical trial consisting of 36 promising varieties and the two commercial cultivars, 'Fan Retief' and 'TSG2', were established at

Robertson Research Farm in the Western Cape. These selections unfortunately experienced frost damage during the past winter. Therefore, a second trial will be established in the Paarl region at Bien Donné Research Farm. The climatic conditions of the Paarl area are more suitable for guava production.

Duplication of the guava gene bank will start during the growing season. The guava gene bank of the ARC-TSC is the only maintained source in South Africa as well as in Africa with exceptions of Sudan and Egypt. Accessions from all over the world are maintained in the guava gene bank and is mainly used to breed new improved varieties.

The main aim for the movement of the guava gene bank to Bien Donné is that cross pollinations can be performed in the Western Cape therefore not only are expenses eliminated but it is also the emergence of a guava breeding program for the Western Cape guava growers.

Die Voorsitter, Bestuurslede asook die personeel van die

KOEJAWEL PRODUSENTE VERENIGING

Wens u 'n vreugdevolle feestyd en 'n Voorspoedige 2017

The Chairman, Members and staff of the

GUAVA PRODUCERS ASSOCIATION

Wish you a joyful season and a prosperous 2017